

Meer vleis per hektaar danksy beter bestuur

Om volhoubaar met beeste te kan boer, moet die wins per hektaar op die plaas verhoog word. 'n Boer wat dít met Borane reggekry het, gee raad.

Die Boran-stoetery Jabea is op mnr. Danie Strydom se plaas by Kroonstad in die Vrystaat geleë.

“'n Boerdery moet volhoubaar wees. Om dít reg te kry, moet die wins per hektaar verhoog word,” sê Strydom.

“Die Boran is 'n medium-raambees, wat ideaal is, veral met die veranderende weerstoestande wat deesdae voorkom. Die ras is goed bestand teen inwendige en uitwendige parasiete. Ek het in die afgelope vyf jaar byvoorbeeld nie nodig gehad om my Borane teen bosluise te behandel nie. Die Boran is 'n goeie benutter van weiding en rond goedkoop af. 'n Mens kry dus goeie resultate met minder voer.”

Borane het puik moedereienskappe met 'n sterk tropinstink, wat diefstal bemoeilik.

Tydens teling lê Strydom op die Boran se sterk punte klem.

VROULIKE DIERE

By vroulike diere word baie klem gelê op produksie deur



'n Boran is 'n nie-selektiewe vreter en het min onderhoud nodig.

middel van streng seleksie. As 'n mens na 2016 se produksiesyfers vir winterbultkalfers kyk, was dié benadering suksesvol. Die gemiddelde koeiegewig is 465 kg en die gemiddelde gekorrigeerde gewig teen dag 205 is 255 kg (55% van die ma se gewig). Die groep koeie se gemiddelde tussenkalfperiode was 363 dae.

Die koeie is twee jaar oud met eerste kalf. Die diere is dus fenotipies kleiner as wat hulle normaalweg geneties sou wees en verg dus minder onderhoud.

“Melkproduksie moet in baltans wees. 'n Borankoeie behou maklik kondisie. Die afgelope vyf jaar is 'n derde van die koeie elke jaar met dragtige verse vervang, vandaar die vinnige teelvordering,” sê Strydom.

BULLE GETOETS

Genetiese evaluasie vorm die grondslag van bulseleksie, en groeisyfers is noodsaaklik. Die bulle wat in die kudde gebruik word, moet die tipe dier kan teel waarna gestreef word. Die bulle word eers deeglik getoets voordat Strydom hulle gebruik.

“Ek laat lei my deur die syfers. Die moederlyn is baie belangrik en sorg vir die tipe bul wat ek wil hê.”

GOEIE BESTUUR

“Sorg elke dag 'n bietjie vir die Boran en die Boran sorg vir jou,” is Strydom se leuse.

'n Weidingstelsel is die sleutel tot sy bestuursprogram vir die beeste.

“Lekke moet op die regte tyd gegee word. Winterlek 40 het my verlede winter net R1,15 per dag per koeie gekos. Gee 'n fosfaatlek

in die somer. Rumenbestuur is belangrik. Die mikrobies in die rumen moet goed versorg word. Sorg dus die diere elke dag lek het. Jou beeste moet ook toegang tot skoon water hê.

“In die dektyd moet die dier so min moontlik gesteur word. Teken dekkings aan. Só kom 'n mens vinnig agter as daar probleme is.

“Die koeie speen self hul kalwers. Sodoende is daar minder stres en behou die kalwers hul kondisie. 'n Kalf wat in 'n goeie kondisie is, kan met byvoeding vinnig op die veld slag gereed gekry word.”

GOEIE GEVOLGE

Strydom se kalwers groei dus op die veld uit en is van 350 kg af slag gereed (klas A2).

“Ek kry die beste resultate wanneer ek die diere van 350-400 kg vir 75 dae op veld afrond en op sowat 500 kg bemark. Ek rond op die veld af met 'n voerkraalrantsoen van 4 kg per dag vir 40 dae. Dit gee groei van 52 kg per kalf. Vir die volgende 35 dae gee ek 'n afrondingsrantsoen met Zilmax (G2189) van 7 kg per dag. Dít gee 'n verdere gewigstoename van sowat 65 kg.

“Wanneer die dier op 400 kg bemark word, is die uitslagsyfer 54%, dus 'n karkasgewig van 216 kg. As diere tot 500 kg gaan, is die uitslagsyfer 60%. Dit is 'n karkasgewig van sowat 300 kg.

'n Bewys van sy sukses is die feit dat Strydom op Alfa 2018 op Parys in die interras-karkas kompetisie die beste groep van vier diere gewen het, asook verskeie ander pryse verower het.

“Ná nege jaar met my Borane kyk ek met groot dankbaarheid terug na my vordering. Die beesboerdery se winsgewendheid het drasties toegeneem danksy bestuur, seleksie en die Boran se besondere eienskappe. Om volhoubaar te wees, moet 'n mens die maksimum waarde op jou plaas toevoeg. Daarvoor is die Boran die ideale ras.” **LBW**



Mnr. Danie Strydom laat hom deur die syfers lei wanneer hy 'n bul aankoop. FOTO'S: DANIE STRYDOM

➤ NAVRAE: Mnr. Christopher Havenga, 082 8211527; web: www.boran.org.za